
# VUILSPEL OP DIE VLAKTES

**Nr. 1**



*Meiring Fouche*

BAANBREKERS REEKS

# VUILSPEL OP DIE VLAKTES

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

# Vuilspel op die Vlaktes

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die eerste uitgawe. Hierdie boek is die tweede uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word, sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

VUILSPEL OP DIE VLAKTES
deur Meiring Fouche

ISBN 978-1-928498-53-7

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)
Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

Vuilspel op die Vlaktes is so vol aksie en so romanties soos die skitterendste wilde weste-verhaal wat u nog gelees het. Die verhaal speel af in ’n tydperk toe ons binneland net sulke kleurvolle skurke opgelewer het soos Amerika, in die tydperk kort nadat minerale hier ontdek is. Die skrywer, FA Venter onder die skuilnaam van Meiring Fouche het homself met hierdie werk oortref. Sy karakter Mertel Duvenage is ’n oortuigende boef en Miemsie Bouwer is ’n innemende heldin. En natuurlik is daar die spreekwoordelike aantreklike held in die storie!

# UITTREKSEL

Dit gebeur alles so snel en toe voel dit vir haar asof haar longe gaan oopbars. Die lug wat sy netnou ingetrek het, is haas op. Sy het die sagte sandbodem van die seekoeigat bereik en om haar is daar net die half-duister van die koel watermassa. Daar op die bodem worstel en stoei sy nog ’n maal om haar bande te probeer breek en om uit te kom na die sonlig, maar tevergeefs. Haar hare is ’n swaaiende rooi vag daaronder, waar sy haar kop heen weer ruk in ’n poging om die klip te probeer afskud.

Haar gesig word verwring deur naakte vrees. Sy maak haar mond oop om te skreeu van blinde wanhoop en toe sluk sy die eerste water. Dit is toe, op die rand van haar beswyming, op die swart rand van die dood, dat sy asof uit ’n droom die bleek monster na haar toe aangeskuif sien kom. Op die smal skeiding tussen die bewuste en die onbewuste, verbeel sy haar dat dit ’n nagmerrie is waarin sy vasgevang is. ’n Vreemde gedaante hierdie wat so snel op haar afpyl. Iets soos ’n monster uit ’n storieboek.

Sy weet nog net hoe dat iets haar aan haar skouers gryp, pynlik hard en met ’n groot krag. Toe kry sy ’n swewende gevoel, so asof sy ligter geword het as water en lug, so asof sy in ’n groot wind vasgevang word wat haar omhoog dra na die wolke. En toe weet sy niks meer nie.

# INHOUD

**Hoofstuk**

1. Vier Skurke en ’n Meisie

2. Redder op ’n Perd

3. Vier Rampokkers

4. Vlug in die Storm

5. Die Hinderlaag

6. Swem vir Lewe en Dood

7. Drama in die Water

8. “Ek kom jou Doodskiet!”

9. Miemsie se Vader

10. Die Marteling

# 1. **VUILSPEL OP DIE VLAKTES**

## Hoofstuk 1
## VIER SKURKE EN ’N MEISIE

Deur die blougroen haakdoringveld kom die een ruiter aangejaag en die ligbruin perd loop so vinnig, dat dit lyk asof sy pens aan die grond raak. Die ruiter peil reguit na die suidooste deur die haakdoringplate, deur die ryp gras en deur die vaalbosleegtes.

Daardie ruiter sit voor in die saal, net agter die saalknop en elke keer kyk sy om. Dan lê sy met haar handsambok in en die bruin perd haal nog kwaaier uit om die afstand voor hom af te sny.

Hierdie nooi sit baie gemaklik in die saal, want sy ken die rug van ’n perd. Haar hare, lank en glansend rooibruin, is agter haar kop onder die helder sonkappie saamgevat en met haar wye sisrok en al sit sy wydsbeen in die saal soos ’n man. Haar hande is klein, fyn en bruin gebrand, maar stewig aan die teuels en in haar regterhand swaai die handsambok van egte seekoeivel met ’n treffende behendigheid.

Sy kom ’n skotige afdraandjie af, slingerend en stuiwend tussen die haakdorings deur, toe sy weer ’n keer omkyk. ’n Ysige gevoel spring deur haar binneste toe sy hulle op die horison sien verskyn, die vier ruiters wat haar nou al seker vir ’n uur lank agtervolg. Sy ken hulle nou al uit haar kop. Daar is die twee donkerbruin perde, daar is die gitswart perd en daar is die ligbloue. Toe sy omkyk, sien sy hulle ’n oomblik op die horison hingel, maar toe sien

sy hoe dat hulle weer die hakke inlê en hulle storm opnuut agter haar aan.

Sowat ’n uur gelede het hulle haar in die rotskoppies verder na die noorde probeer voorlê, maar met ’n behendige swaai van haar perd in ’n sandsloot af, het sy hulle tydelik afgeskud, die vlak veld bereik en toe voor hulle begin uitjaag. Sy het goed onder hulle uitgekom, want sy is lig en haar perd is sterk. Maar nou haal hulle haar genadeloos in. Dit kan sy met skok sien. Skynbaar het haar ligbruin hings nie die asem van die agtervolgers se perde nie.

Daar is ’n hete vasberadenheid op haar mooi gesig, toe sy weer vooroor in die saal leun en saggies met haar perd praat. Al sterf sy ook vandag, sy mag haar nie laat inhaal nie. Want as sy haar laat inhaal, kan dit beteken dat ’n groot ideaal van haar vader verlore is. Nie alleen vir hom nie, maar ook vir haar, wat nou al byna groot geword het in hierdie tawwe wildernis.

’n Benouende beklemming maak hom van haar meester, want sy weet hoe ver Kimberley nog moet lê. Nog myle en myle ver oor hierdie grasvlaktes. Sy sal nog deur tientalle kameeldoringlope en seker nog deur honderde vaalboslaagtes moet jaag, voordat sy die rooi aarde en die klompie huise van Kimberley kan bereik.

Maar sy moet hom eenvoudig bereik al kom ook wat. Sy vat die volgende helling snel en vasberade. Haar reun se asem kom rukkend, maar hy loop nou met ’n dodelike ritme en hy vlieg soos ’n koedoe oor die bloedrooi miershope, wat sy gang hier tydelik probeer versper. Sy klim uit die wye leegte en toe sy weer ’n keer omkyk,

sien sy dat haar agtervolgers reeds in die bedding van die leegte is. Nou haal hulle haar vinnig in. Sy sien ook dat hulle nie meer op ’n bondel jaag nie. Hulle het effens uitgewaaier en sy weet dadelik wat die bedoeling daarvan is. Wanneer sy skielik na die een kant of na die ander kant wil padgee, sal die een of die ander van hulle haar dadelik vaslê.

Die klein bladsakkie van koedoe-leer vlieg wild soos sy jaag en af en toe vat sy dit vinnig raak, net om weer seker te maak dat dit nog daar is. Dan skuif sy dit agter haar rug in, waar dit veiliger kan wees en konsentreer maar weer ernstig op die jaagtog.

Die helling voer haar op na ’n rooi, ruwe klipperigheid, na die kruin van ’n plato waardeur ’n diep skeur loop. Daarheen peil sy nou. Sy ken hierdie skeur deur die plato baie goed, want sy en haar vader het eenkeer hier deur gekom. Dit was lank gelede, maar sy onthou dit nog soos gister. Eintlik is dit ’n riviertjie wat hier afkom en wat deur die jare vir hom ’n pad hier deur die klipperigheid gesny het.

In die bedding van die rivier, dit weet sy, is daar gewoonlik ’n lang seekoegat wat maande lank water hou. Dit onthou sy ook nog goed, omdat sy en haar vader eenkeer daar gekampeer het. Toe het sy nog hulle wasgoedjies daar uitgewas.

Net voordat sy die poort ingaan, kyk sy weer ’n maal om en toe besef sy met ’n hete steek van ontsteltenis dat sy nie veel langer gaan kan voorbly nie. Hulle het haar in die afgelope paar minute ongelooflik vinnig ingehaal. So vinnig dat dit lyk asof hulle skielik vars perde opgeklim

het. Sy sien hulle vooroor lê in die saals en hoe hulle hul perde aanroer met hul handsambokke.
’n Oomblik lank dink sy verwilderd in die saal wat sy nou behoort te doen.
En die volgende oomblik weet sy presies wat haar te doen staan. Al skiet hulle haar uit die saal, al kom martel hulle haar en al vernietig hulle haar. Haar geheim, die sal sy nooit opgee nie. Nooit, solank as wat sy leef nie. Sy sal liewer sterf, maar haar geheim en die geheim van haar vader, die sal sy behou tot die bittere einde toe.
Sy swaai skerp na regs en toe weer na links en vat die sandpoort, wat lei na die steil, rooi klofie deur die plato. Sy sal in die poort opjaag, by die seekoeigat verby en wanneer sy anderkant die poort uit is, dit weet sy, dan is daar ’n ruigtes van wag-’n-bietjie, kameeldoring, groot vaalbos en soetdoring. Daarin kan sy hulle miskien afskud.
Sy het nog egter skaars haar planne mooi agtermekaar, toe die ligbruin reun in ’n meerkatgat trap. In sy vaart slaan die perd feitlik heeltemal bollemakiesie en in die proses slinger hy haar ver uit die saal. Maar sy het gelukkig in hierdie wêreld groot geword. Die sterre staan behoorlik voor haar oë toe sy die sand tref, dog sy is feitlik onmiddellik weer op die been, haar kop singend en met ’n warm pyn aan haar voorkop. Toe sy op haar voete staan, weet sy darem dat sy geen bene gebreek het nie en hoewel sy nog heen en weer slinger, slaag sy daarin om haar perd, wat ook weer opgestaan het, aan sy stang te gaan vang. Die dier is wit van die skuim gejaag. Sy lende vlieg op en neer en sy neusgate is wyd gesper.

Sy paai hom, streel hom teen sy nek en toe swaai sy pynlik in die saal, want die harde val het haar liggaam lelik gekneus. Die kort onderbreking in haar vlug laat haar kortasem voel, daarom druk sy onmiddellik met die spore en jaag verder.

Sy vat die nou klofie sekuur en vinnig. Hier is die wêreld ’n bietjie klipperig en dit vertraag haar gang. Die bruin perd beur egter moedig voort en sy is die poort nog skaars tweehonderd tree binne, toe dit effens wyer word en sy met ’n onverklaarbare dankbaarheid sien dat die seekoeigat nog steeds vol water is. Sy roer haar perd effens harder en toe hulle die gelykte vat binne in die poort, bring sy hom weer op ’n jaag galop.

Die een harde skoot klap plat in die noute en dit klink so heeltemal onbenullig. Toe weergalm dit van krans tot rooi krans in die noute. In die een kort oomblik van beslissing, besef sy instinktief wat gebeur het. Tydens haar oponthoud, het een van die agtervolgers haar geflank bo-op die kranse langs.

Haar perd steier hoog, staan ’n paar oomblikke runnikend op sy agterpote en toe sterf hy onder haar.

Hierdie keer val sy hard. Toe sy die grond tref, voel dit vir haar asof al die lewe uit haar gewring word en asof elke been in haar liggaam gebreek word. Daar is ’n lam bedwelming in haar kop en haar oë kan nie behoorlik sien nie.

Toe sy haar voorlyf oprig, sien sy haar perd ’n paar treë weg roerloos van haar af lê. Sy is hier maar ’n paar voet van die kant van die water af. Sy skud haar kop heftig

om dit te probeer suiwer en roer haar liggaam wanhopig, om haar kragte te probeer herwin.
Toe hoor sy die gekletter van perdepote in die nou kloof op. Sy hoor iemand skreeu, ’n perd wat runnik en sy weet dat sy nou ’n daad moet doen, al gebeur wat ook al.
Sy sleep haar liggaam tot aan die kant van die water. Toe gespe sy die bladsakkie vinnig los, druk ’n klip daarin en met ’n moeë swaai van haar arm slinger sy dit in die stil, diep water in. Op dieselfde oomblik jaag ’n koeël ’n streep water omhoog en sy hoor die skor, aaklige lag. Sy draai haar kop stadig omhoog en toe sien sy die ruiter op die kranse bo haar.
“Wat doen jy nou, niggie?” skreeu die ruiter en toe lag hy weer hol agter uit sy keel. “Amper het ek jou vingertjie raak geskiet.”
Sy word koud daar waar sy beangs lê, hoewel die hoë somerson haar daar langs die water vang.
Sy laat haar kop instinkmatig op haar arms neer sak, want sy weet dit is nou die einde.
Sy word eers weer van die werklikheid bewus, toe ruwe hande haar gryp en haar orent ruk. Sy steier daar op haar voete, met haar een hand voor haar oë.
“Nogal nie onaardig nie,” sê die kort, gesette kêrel, wat wydsbeen daar voor haar staan met sy hande op sy heupe, sy velkamaste blinkend in die son.
“Nee, nogal glad nie ’n onaardige kuiken nie,” sê hy. “Net jammer dat jy so hardkoppig is, ou niggie. Jy het jou tog seker nie verbeel dat jy onder ons kan uitjaag nie?”

Sy probeer sy gesig eien, maar dit is onmoontlik, want hy het sy rooi nekdoek om die onderste deel van sy gesig gebind, sodat net sy blink oë haar aangluur, van onder sy breëband veldhoed uit.

Hy klap bevelend met sy vingers.

"Waar is dit? Waar is die goedjies wat jy na Kimberley neem?"

"Ek weet nie wat jy praat nie," sê sy sag en steier weer 'n keer. Die sonlig is blink op haar hare, want haar kappie het agteroor geskuif.

"Jy weet goed waarvan ek praat. Jy moet gou speel, want ons het nie tyd nie, ou niggie. Ons is op pad Kimberley toe. Waar is dit?"

Dit is toe dat nog 'n ruiter daar aankom.

"Ek weet waar dit is," sê hy en hy swaai sy lang liggaam uit die saal. "Sy het dit in die seekoeigat gesmyt. Ek het haar so gesit en bekyk. Ek het net te laat geskiet. Ek wou haar deur haar hand geskiet het."

Die kort man met sy effense bakbene en sy velkamaste, kyk onderlangs na sy makker op. "In die seekoeigat gesmyt?" vra hy.

Die lang man knik bevestigend.

"Ek het gesien hoe dat sy haar bladsak in die seekoeigat gooi."

Die kort man grinnik, lig sy velhoed op en krap deur sy donker hare.

"Aha," sê hy, "maar dan is dit maklik, eintlik doodmaklik. As sy dit ingegooi het, kan sy dit net sowel maar weer uithaal ook, of hoe?" Toe staan hy opsy en beduie met sy handsambok na die water.

“Gaan haal die bladsak uit, juffertjie,” beveel hy.
Sy bly egter roerloos staan en verroer nie ’n ooglid nie.
Toe, met ’n wrede, onverwagte beweging, ruk hy die handsambok omhoog en hy slaan haar ’n woedende hou oor haar skouers, sodat sy eers krimp van die skielike pyn en toe stadig op haar knieë neersyg.
“Dit is die taal wat ek praat, ou niggie,” sê hy met ’n skorre stem. “Ek sê vir jou gaan haal nou die bladsak uit, want jy weet waar hy lê.”
Daar waar sy in die grond lê, kyk sy na die nuweling op, haar oë vlammend. Haar oë vlam deur haar pyn en vernedering, deur vrees en afsku.
“Ek sien jou liewer op Bloksemberg voordat ek daardie bladsak gaan uithaal.”
Hy slaan haar weer ’n aaklige hou, sodat sy snakkend op die grond neersak. Sy lê net daar met haar vingers magteloos in die rooi grond uitgestoot.
Dit is toe dat een van die ander praat, ’n korterige, blonde man.
“Wat help dit dat ons met haar sukkel,” vra hy. “Hy weet waar die bladsak lê.” En hy beduie na die lang man wat haar die bladsak in die water sien gooi het. “Ons moet hier padgee en gou ook. Hier ry baie ruiters en transportwaens. Sy sal dit nie gaan uithaal nie. Daarvan kan ons seker wees.”
“Nou waarvoor wag ons dan?” vra die kort, donker vent ewe manhaftig. Hy beduie vir die lang man en sonder om te aarsel ruk die sy hoed, sy velbaadjie, sy geweer, bandolier en sy rewolwerband af. Toe duik hy in die koel water en na twee of drie pogings kom hy seëvierend

met die bladsak te voorskyn. Hy oorhandig dit aan die kort, donker kêrel asof dit so moet wees. Die neem dit, stap na sy perd en gaan maak ’n ekstra riem van die saalboom af los.
“Maak haar vas,” beveel hy die korterige blonde kêrel. “Ons sal haar ’n bietjie laat swem.” Die ander drie kyk met verbasing en skok na hul leier.
“Maak soos ek vir jou sê,” beveel die donker een. “Of wil julle haar hier los sodat sy alles kan gaan uitblaker? Hoe dink julle, wat sal dan van ons word?”
Hulle ken sy humeur en sy blinde wreedheid en daarom bind hulle haar stewig met die osriem vas.
“Julle moet ook ’n klip aan haar vasbind, julle dwase,” beveel die donker man. “Dit sal veel help as haar lyk later op die water dryf.”
Weer gehoorsaam hulle.
“Die perd,” sê hy vir twee van hulle. “Sleep die perd weg en vat die saal. Dit is ’n lekker militêre saal.”
Daar waar sy lê, op die rand van die dood, is dit daardie laaste woorde wat deur haar ruk. “Vat die saal, dit is ’n lekker militêre saal...”
Hulle klim almal in hul saals, nadat hulle die perd weggesleep het tot tussen ’n kol taaibos. Toe vat die lang, blonde kêrel die vasgebinde meisie, lig haar hoog bokant sy kop en slinger haar so ver as wat hy kan, in die water van die seekoeigat. Asof hy ’n spookagtige gesig gesien het, spring hy om, vlieg in sy saal en toe donder hulle weg in die nou kloof op, in die rigting van Kimberley.

## Hoofstuk 2
## REDDER OP ’N PERD

Die vier vreemde ruiters kyk nie eers eenmaal om na hul weerlose slagoffer wat daar in die water geslinger is nie. Hulle maak net dat hulle wegkom en hulle dring die ruigte onmiddellik binne sodat hulle buite gesig kan wees. Al wat oor is hier op die toneel van die vinnige drama, is die bloedkol waar die perd gesterf het, die sleepsel soos hulle hom weggesleep het, ’n paar spore en ’n magtelose meisie met ’n osriem vasgebind. Sy het ’n klip om haar nek en sy sink stadig deur die helder dieptes van die seekoeigat af na die sanderige bodem.

Toe sy die water getref het, het sy haar asem diep ingetrek, net asof dit haar sal help. Toe sy afsak na onder, worstel en beur sy verwoed aan die riem, maar in die blink koelheid van die seekoeigat weet sy reeds dat dit nodeloos is om te probeer worstel. Hulle het haar so stewig met daardie osriem vasgemaak, dat selfs ’n groot man nie in staat sal wees om daaruit los te breek nie. Dit voel vir haar asof sy deur ’n groot, koel leegheid sweef, eindeloos sweef na donker onbekende kolke waar die dood so gewis op haar wag. Hierdie kort oomblikke voel vir haar soos ’n ewigheid. Sy dink aan haar vader, oud en grys gewerk in hierdie pionierswêreld, waar die dood jou so maklik inhaal. Hierdie wêreld wat feitlik nog ’n wildernis is en waar nog net die dapperstes en sterkstes oorwin. Sy dink aan haar jeug as ’n dogter sonder ’n moeder, in die wye uitgestrektheid van die noordooste van die kolonie. Klomp goed uit haar jeug flits vinnig deur haar brein. Dit gebeur alles so snel en toe voel dit

vir haar asof haar longe gaan oopbars. Die lug wat sy netnou ingetrek het, is haas op. Sy het die sagte sandbodem van die seekoeigat bereik en om haar is daar net die half-duister van die koel watermassa. Daar op die bodem worstel en stoei sy nog ’n maal om haar bande te probeer breek en om uit te kom na die sonlig, maar tevergeefs. Haar hare is ’n swaaiende rooi vag daaronder, waar sy haar kop heen weer ruk in ’n poging om die klip te probeer afskud.

Haar gesig word verwring deur naakte vrees. Sy maak haar mond oop om te skreeu van blinde wanhoop en toe sluk sy die eerste water.

Dit is toe, op die rand van haar beswyming, op die swart rand van die dood, dat sy asof uit ’n droom die bleek monster na haar toe aangeskuif sien kom. Op die smal skeiding tussen die bewuste en die onbewuste, verbeel sy haar dat dit ’n nagmerrie is waarin sy vasgevang is. ’n Vreemde gedaante hierdie wat so snel op haar afpyl. Iets soos ’n monster uit ’n storieboek.

Sy weet nog net hoe dat iets haar aan haar skouers gryp, pynlik hard en met ’n groot krag. Toe kry sy ’n swewende gevoel, so asof sy ligter geword het as water en lug, so asof sy in ’n groot wind vasgevang word wat haar omhoog dra na die wolke.

En toe weet sy niks meer nie.

Dit is lank voordat sy weer haar oë oopmaak en besef dat sy na die sonlig staar. Geel helder sonlig wat ’n blink baan oor die water slinger. Sy snak eenmaal en haar hande roer. Toe weet sy dat sy op ’n rots is. Sy probeer verwilderd orent kom. Sy verbeel haar dat sy ’n ander

lewe binne gegaan het, dat sy deur die dood gegaan het, deur ’n nou poort en nou in ’n nuwe wêreld uitgekom het waar daar ook water en sonlig is.
Maar iewers hoor sy ’n kokkewiet roep en verder die skor geskreeu van die sandkorhaan.
En toe verskyn die gesig bo haar. Sy ruk haar kop instinkmatig weg, swaai haar skouer beskermend omhoog en sluit haar oë.
“Jy hoef nie te vrees nie,” kom die diep, kragtige stem kalm tot haar. “Jy hoef niks te vrees nie, want jy is veilig.” Stadig en huiwerend draai sy haar gesig en toe sien sy die gelaat. Sy sien ’n sterk, manlike gesig met ’n welige bos, donker baard, ’n sterk, effens gekromde neus en sy oë so diep donkerblou soos die naghemel self.
’n Glimlag laat daardie donker baard lewe.
“Jy was amper bokveld toe,” sê hy en sy sien hoe dat die waterdruppels teen sy bruin bors skitter.
“As ek nie hier was nie dan was jy verseker dood vandag. Wie is jy en wat het gebeur?”
Sy kyk eers agterdogtig na hom, maar toe kom daar in haar oë die lig van vae herkenning. Sy roer haar bene, roer haar hande en toe weet sy dat sy waarlik vry is. Sy vat krampagtig aan haar nek en toe weet sy dat die klip daarvandaan verwyder is. Die werklikheid kom met groot hale tot haar terug. Sy lê langs die seekoeigat op die grond onder ’n oorhangende rots, in die skaduwee waar sy beskerm is, waar sy buite gesig is van alles en almal.
Sy steek haar vinger bewend na hom toe uit. “Jy... jy het my lewe gered?”

“Dit is wat ek vir jou probeer beduie,” sê hy. Toe kom die sweem van ’n glimlag om haar mond.

“Ek ken jou,” sê sy. “Ek dink ek het jou al iewers gesien.”

“En ek het jou al gesien,” sê hy met ’n breë glimlag. “Jy is Miemsie Bouwer, nie waar nie? Jy is die dogter van Adolf Bouwer, die prospekteerder, nie waar nie?”

Sy lê roerloos, haar groen oë vol argwaan op hom gerig.

“Waarom wil jy so graag weet wie ek is,” vra sy.

“Jy hoef my nie te vrees nie. Waarom sou ek jou gered het? Waarom vrees jy my? Jy sê dan self dat jy my ken.”

“Ek is nie so seker nie. Ek is glad nie so seker nie,” antwoord sy.

Hy stoot haar klam hare van haar voorhoof af weg. Hy kyk ’n oomblik na haar vol boesem wat nou weer met soveel krag beweeg, nadat hy die water uit haar longe gedruk het.

“Onthou jy nog die keer,” vra hy, “toe jy en jou vader deur die wilde boesmans in jul kamp vasgekeer was?”

Haar oë word groter en daar kom ’n blink lig in hulle.

“Ja,” sê sy, “hoe sal ek dit ooit vergeet! Maar... maar dit was tog nie jy nie? Dit was tog nie jy wat ons gered het nie?”

“Dit was ek,” sê hy doodkalm.

Met ’n impulsiewe beweging gryp sy hom aan sy bo-arm. Daardie bruin, kragtige bo-arm wat lyk asof dit enigiets kan breek.

“Dan is jy... dan is jy Ryk Schoonraad, die selfaangestelde veldkornet van hierdie dele?”

Hy lag hartlik en skud sy welige, klam bos swart hare.

“Nee, ek is nie ’n selfaangestelde veldkornet nie,” sê hy, “maar ek is wel Ryk Schoonraad.”

Meteens sit sy regop, verwondering in haar oë. “Maar hoe... hoe het jy... Ek kan dit nog nie glo nie. Die laaste wat ek onthou, het ’n klomp skurke my met ’n osriem vasgebind, ’n klip om my nek vasgemaak en my in die seekoeigat gegooi. Hoe op aarde kom dit dat ek nou hier saam met jou lewendig op ’n rots sit?”

“Wel,” sê hy ewe beskeie en sy donkerblou oë lyk verleë. “Dit is nou soos die toeval dit wou hê. Hierdie is eintlik my swemgat. Ek ry nooit hier verby voor ek nie eers geswem het nie. Ek was juis in die water toe ek die gedoente hoor. Ek het die geklap van jagende perdepote gehoor, toe die geweerskoot en toe weet ek dat hier ’n fout moet wees. Ek het maar hier onder die rots geskuil en die hele toneel aanskou. Dit was nie mooi om te sien nie. Ek hou nie daarvan om te sien hoe dat ’n perd koelbloedig doodgeskiet word nie. Ek hou nog minder daarvan om te sien hoe dat ’n weerlose meisie met ’n seekoeisambok geslaan word. Wel, die res van die verhaal is seker vir jou duidelik. Nadat hulle jou in die water geslinger het, het hulle gelukkig onmiddellik vertrek. Ek het so effens gewag totdat jy sou begin bedwelmd raak, want ek het nie ’n draad klere aangehad nie. Toe het ek ingeduik, jou gaan uithaal en jou hierheen gebring. Ek moet sê ek het amper te lank gewag. Want dit het spook gekos om die water uit jou longe en jou keel te kry.”

“Nou onthou ek,” sê sy en steek haar hand na hom toe uit, “ek het jou sien aankom.”